# Wat verhinder jou om te spaar?

Andrew Warren: Liberty Kleinhandel

Of jy nou 'n 'Yuppie', 'n 'Dinky' of 'n 'Guava' is, jy kan beheer neem van sowel jou finansies as jou toekoms – mits jy begrip het vir die druk en die verwagtinge wat in verskillende lewensfases veroorsaak dat besteding in die pad van spaar kom.

Hieronder is van die tipiese kwessies waarmee jy en jou maat in elke stadium van jul lewens gekonfronteer sal word en voorstelle van hoe om jul finansiële gedrag aan te pas sodat julle die beste uit elke fase kan haal.

## 'YUPPIE'-JARE: 20 – 30 jaar oud

Jy is jonk, vooruitstrewend en wil vir die wêreld wys dat jy opgang maak. Om 'n topgehalte motor te bestuur of die jongste model telefoon te koop is vir talle jonger mense 'n manier om dit uit te druk. Hoewel, 'n oormaat skuld op motorfinansiering is die hoofrede waarom banke aansoeke vir verbandfinansiering van die hand wys.

### *Wat jy behoort te doen:*

Moenie net konsentreer op die eksterne maniere om vooruitgang in jou lewe te meet nie. Jy moet vooruit begin dink. Werk daaraan om jou loopbaan en jou persoonlike finansiële doelwitte te ontwikkel. 'n Stewige finansiële plan en 'n stadige aanwas van rykdom is miskien nie so aantreklik soos die jongste motor of selfoon nie, maar jy sal ten minste laaste lag as jy jou laat dertigs sonder skuld en met 'n gesonde bate-basis tegemoetgaan.

Wanneer jy 'n motor koop, oorweeg die volgende: as jy 'n R120 000 model kies bo een van R200 000 en die verskil elke maand in terugbetalings belê, sal jy na vyf jaar R135 000 gespaar het, wat genoeg behoort te wees vir 'n deposito op 'n meenthuis.

## 'DINKY'-JARE: 25 – 35 jaar oud

Jou 'Dinky'-jare (wanneer daar 'n dubbele inkomste, maar nog geen kinders is nie) is 'n goeie tyd om aan 'n sterk finansiële grondslag te werk. Jou loopbaan vorder en jul gesamentlike inkomste vermeerder, maar jy het nog nie die finansiële las van 'n groot gesinshuis en kinders grootmaak nie.

Die algemeenste fout wat mense op hierdie ouderdom maak, is om hul pensioenfonds in kontant om te sit wanneer hulle van werk verander of met 'n gesin begin. As jy op ouderdom 35 jou hele pensioenfonds in kontant omsit, sal jy 40% van jou salaris moet spaar om teen ouderdom 60 dieselfde aftreewaarde te hê as wat jy sou gehad het indien jy van 25-jarige ouderdom 15% van jou salaris gespaar het. Dit sal byna onmoontlik wees om dit in die volgende fase van jou lewe te doen as jy kinders en 'n verband het.

### *Wat jy behoort te doen:*

Doen die werk voor kinders en verbande. Moenie jou pensioen in kontant omsit nie. Leer om op jou maandelikse inkomste minus spaargeld te lewe. Moenie jou lewenstyl ooreenkomstig jou nuwe bevordering opgradeer nie. Gebruik eerder jou groter salaris om ware rykdom te bou.

## ‘SITCOM’-JARE: 35 – 45 jaar oud

Wanneer jy eers by die ‘sitcom—jare uitkom (‘single income, two children, oppressive mortgage’), sal jy ‘n kleiner kans hê om aan jou spaarpoging te werk. Jy mag miskien in die versoeking kom om te veel skuld aan te gaan ten einde dieselfde lewenstyl te handhaaf waaraan jy gedurende die ‘Dinky’-jare gewoond geraak het, of jy sal dalk op bonusse moet staatmaak om skoolgeld en die verband te betaal, veral as daar net een inkomste sou wees.

### *Wat jy behoort te doen:*

Praat met jou maat oor jul geld. As een van julle ‘n tyd lank nie gaan werk nie ten einde kinders groot te maak, moet julle saam gaan sit en ‘n realistiese finansiële plan uitwerk. Selfs al hou julle albei aan met werk, moet julle steeds ‘n begroting opstel vir die daaglikse bestuur van die huishouding en ‘n spaarplan vir die opvoeding van jul kinders.

Julle moet elkeen afsonderlike spaar- en aftreeplanne hê. Dit is iets wat dikwels deur die tuisbly-ouer afgeskeep word.

Moenie jou bonus as deel van jou inkomste beskou nie. Maak seker dat jou salaris jou basiese behoeftes dek, insluitend jou verband en skoolgelde. Gebruik jou bonus om jou spaargeld ‘n hupstoot te gee en vir weelde-items soos vakansies.

## INHAAL-JARE:  45 – 55 jaar oud

In ‘n ideale wêreld sou jy die ‘Dinky’- en ‘Sitcom’-jare gebruik om ‘n ‘Guava’ (‘grown up and very affluent’) te word. Ongelukkig is daar nie baie mense wat dit kan doen nie. Namate verbandskuld verminder en die kinders die huis verlaat, is daar die versoeking om die ekstra kontant te gebruik om jou lewenstyl te verbeter.

Dit is dan wanneer die meeste mense skielik besef dat hulle erns moet maak met die voorsiening vir hul aftrede.

### *Wat jy behoort te doen:*

Gebruik die meer beskikbare kontant om jou toekoms te verseker. Dit sal vir jou makliker wees om gedissiplineerd te beplan as jy gaan sit en uitwerk wat jy van die lewe verwag na aftrede en hoe jy dit gaan finansier. Wil jy vroeg aftree en jou eie onderneming begin? Sal jy in ‘n posisie wees om jou werksure af te skaal, maar kan jy dan werk totdat jy 70 is? Wil jy meer reis?

Daar is altyd verskonings om nie te spaar nie, maar by terugskouing besef ons dat ons groot geleenthede om te spaar misgeloop het. Verseker jou toekoms deur jouself eerste te betaal en geniet dit daarna om van die res te lewe.

**Onthou, jou finansiële adviseur kan jou help om die beste uit jou finansies te haal deur jou te help om ‘n finansiële plan te ontwikkel wat by jou omstandighede pas en deur seker te maak dat jy op koers bly met jou geldsake.**

*Liberty Groep is ‘n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 (“FATD”) (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nòg ‘n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nòg ‘n gelisensieerde*

*diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.*